Landbou weekblad SPESIALE FOKUS

VANDEESWEEK
Landbou in Noordwes 47-55
Boertjiefees 56-63
Diereqesondheid 73-79

NOORDWES

Pryse van somergraan kwel boere

Om die mielie-oordragvoorraad tot 2 miljoen ton te verminder, sal 2010/'11 se aanplantings aansienlik kleiner moet wees.

Mnr. Danie Marais

Hoewel die totale mielie-oes vir die 2009/'10-seisoen nog nie gelewer is nie, is dit die verwagting dat dit op twee na die grootste oes in Suid-Afrika se geskiedenis is. Die gevolg daarvan is dat 'n buitengewoon hoë mielievoorraad nasionaal oorgedra word. Soos vir ander provinsies waar graan- en spesifiek mielieverbouing 'n beduidende rol in die landbousektor vervul, het dit 'n invloed op die volhoubaarheid van die landbou in Noordwes, sê mnr. Danie Marais, besturende direkteur van NWK Bpk.

Die goeie reënneerslae die afgelope seisoen in Noordwes het mielieboere in staat gestel om bogemiddelde oeste te behaal. Namate die graan gelewer word, is dit egter merkbaar dat oormatige reën gedurende die laatsomer gehalteprobleme tot gevolg het.

Kopvrot het kol-kol ernstige skade veroorsaak. Dit is grootliks waarom sowat 18% van die wit mielies en 25% van die geel mielies wat in Noordwes gelewer is, nie eerstegraadmielies is nie. Dit sal noodwendig 'n nadelige invloed op boere se winsgewendheid hê.

Hoewel dit voorkom asof 2009/'10 se werklike oes laer as die geskatte opbrengs sal wees, sal dit nie 'n wesenlike invloed op die oorskot hê nie.

Die afgelope drie jaar was die gemiddelde nasionale mielie-opbrengs telkens beter as ooit tevore. Trouens, die laagste gemiddelde opbrengs in dié drie jaar was 4,25 ton/ha.

"Dit bewys dat Suid-Afrika se mielieboere nuwe tegnologie benut en dat hul doeltreffendheid verbeter het. Dit wil voorkom asof opbrengste soos dié nou in normale toestande 'n gegewe kan wees," sê Marais.

Gegewe die mielie-oorskot en produksiepotensiaal sal die oordragvoorraad toeneem tensy mielieboere hul aanplantings vir 2010/'11 afskaal.

Om die oordragvoorraad tot 2 miljoen ton te verlaag, sal aanplantings met meer as 'n derde moet verminder as 'n gemiddelde opbrengs van 4,5 ton/ha behaal word.

Die produksiekoste van mielies vir 2010/'11 is matig hoër. Die regstreekse produksiekoste vir 'n gemiddelde opbrengs van 3,5 ton/ha is ongeveer 3% hoër teen R3 500/ha. Die boer se gelykspeelprys is hoër as die huidige en verwagte haalbare prys. Om gelyk te speel, sal boere 'n netto prys van ongeveer R1 250/ton moet ontvang, sê hy.

Hoewel mielieprys vanaf Julie tot Desember seisoenale stygings toon, sal die huidige hoë voorraadvlakke dit waarskynlik temper. Daarom maak dit nie sin dat boere voorraad tot Desember sal dra nie. Hulle moet dit eerder nou verkoop. Soos landwyd die geval is, het die oordragskuld van Noordwes se boere wesenlik toegeneem. Tensy graanpryse betekenis vol styg, sal dié neiging vererger.

Ook sonneblomme, waarvan daar baie in Noordwes verbou word, het oor die laaste drie seisoene goeie opbrengste van gemiddeld 1,3 ton/ha gelewer. As graanboere sou besluit om aanplantings nou met 50% te vermeerder, is 'n totale oes van 750 000 ton of meer haalbaar.

So 'n oes sal, mits die vraag konstant bly, die oordragvoorraad verdubbel. Die vermoë bestaan om hoër volumes sonneblomsaad te kan pars, maar om die vraag na sonneblom-olie te verbeter sodat dit sterker met goedkoper plantaardige olies kan meeding, sal die sonneblomprys moet verlaag. Daarom behoort boere daarteen te waak om te veel sonneblomme te produseer, sê hy.

Met 'n groot plan wat alle aspekte van die landbou in Noordwes deeglik dek, is Marais opgewonde daaroor dat 'n organisasie nou op die been gebring word waar alle belanghebbendes sal meehelp om daarmee sukses te behaal.

"Wat opkomende boere betref, moet dié organisasie, waarvan die wiele reeds aan die rol is, sy fokus plaas op die samestelling van 'n broodnodige keuringsproses sodat die regte aspirant-boere op grond gevestig sal word. Hierdie keuringsproses moet ideaal gesproke 'n nasionale model wees. Die norme en riglyne daarvan moet deurgaans toegepas word sonder dat politieke voorkeure 'n rol speel," sê Marais.

Vir die suksesvolle vestiging van opkomende boere is dit uiters belangrik dat die regte, passievolle ruiters in die saal geplaas sal word. 'n Belangrike aspek van bemagtiging is die oordra van kennis, 'n funksie wat landboubesighede goed kan vervul.